DIE KWêLA/ECHO 4X4 AMATEUR VIDEO-KOMPETISIE 2011

BEPALINGS EN VOORWAARDES

INSKRYWINGSFASE (*Call for entries*)

1. Daar kan in twee afdelings vir Kwêla se Amateur Videokompetisie ingeskryf word, naamlik die algemene afdeling en die humor afdeling.

2. Elke inskrywing moet van 'n inskrywingsvorm vergesel word. Die inskrywingsvorms is op ons webwerf by www.kwela.co.za beskikbaar. Dit is ook verkrygbaar by Pieter Cilliers Produksies (PCP) by telefoonnommer (011) 789-6780.

3. In die algemene afdeling kan enigiets ingeskryf word - van reisjoernale, nuusgebeure, raar maar waar stories, natuurtonele, ens.

4. In die humor afdeling is ons op soek na video's wat 'n mens laat lag.

5. Materiaal kan in enige videoformaat ingeskryf word - bv. Digitaal, DVD of VHS. Inskrywings kan nie per e-pos ontvang word nie.

6. Dit maak nie saak wanneer die video-opname gemaak is nie.

7. 'n Maksimum van 3 inskrywings per deelnemer sal in die algemene afdeling toegelaat word en 'n maksimum van 5 inskrywings in die humor-afdeling.

8. In die algemene afdeling moet daar nie meer as 'n halfuur se videomateriaal ingestuur word nie. Dit kan ongeredigeer wees. Sou die inskrywing tot die finale rondte deurdring, mag PCP moontlik verdere materiaal aanvra.

9. Indien die deelnemer verkies om 'n geredigeerde weergawe in te stuur, mag dit wel gedoen word- sonder musiek of kommentaar, maar wel met die natuurlike klank. Sou die inskrywing tot die televisierondte deurdring, sal die na-produksie (die redigering, teks en klankmeng) egter professioneel by PCP gedoen word.

10. In die humor-afdeling moet die videomateriaal wat ingestuur word nie meer as 20 minute wees nie. Soos in die algemene afdeling kan die videomateriaal geredigeer of ongeredigeer ingestuur word, maar sou die inskrywing die televisierondte haal, sal PCP die na-produksie hanteer.

11. Die videomateriaal moet saam met die inskrywingsvorm per voorkeurpos of geregistreerde pos gestuur word aan:

    Kwêla Amateur Videokompetisie 2011
    Pieter Cilliers Produksies
    Posbus 1174
    Pinegowrie, 2123.

    Dit kan ook per hand by die produksiekantoor afgelewer word by kamer 242,Blairgowrie Plaza, Conradrylaan 70, Blairgowrie.

12. Die bande sal slegs terugbesorg word indien dit so op die inskrywingsvorm aangedui word, maar Pieter Cilliers Produksies (PCP) aanvaar geen verantwoordelikheid indien dit in die pos beskadig of verlore raak nie.

13. Elke inskrywing moet op 'n aparte inskrywingsvorm gedoen word.

14. 'n Beoordelaarspaneel sal die finaliste keur, waarna die kykers per SMS-stemproses die geleentheid gaan kry om die wenners in albei afdelings te kies. Die gehalte van die inskrywings sal die aantal finaliste bepaal.

15. Die inskrywings sal beoordeel word op grond van inhoud eerder as tegniese gehalte.

16. Persone wat nie in die televisiebedryf werksaam is nie, mag deelneem. Enige direkteur, lid, vennoot, werknemer, agent of konsultant van die promotor en enigiemand wat die promotor beheer of deur die promotor beheer word, sowel as verskaffers van goedere of dienste wat verband hou met die kompetisie, mag nie deelneem nie.

17. Die sluitingsdatum is Vrydag, 22 Julie 2011.

18. Die finaliste sal later vanjaar bekendgemaak word en die publiek sal per SMS vir hulle gunstelinge kan stem.

19. Die volgende pryse is op die spel vir die wenvideo's:

    <u>Die wenner in elke afdeling ontvang</u>:
    - 'n Echo Quattro padkaravaan ter waarde van nagenoeg R 190,000 geborg deur Echo 4x4. Geen yskas word ingesluit nie.
    - 'n 15 dag begeleide toer vanaf Kaapstad na Namibië en terug vir twee persone waarvan nagenoeg 9 dae in Namibië en 6 dae in die Wes- en Noord-Kaap deurgebring sal word. Vlugkaartjies na en van Kaapstad vanaf die groot sentra word ingesluit. Die toer sluit 'n 5 dag *Faces of the Namib* toer deur die Namib konsessie area in. Dit sluit ook 4x4 opleiding en voertuie, alle etes en akkommodasie, aktiwiteite in Swakopmund, reisversekering en brandstof in. Die waarde van die prys is nagenoeg R 195,800 en word aangebied deur Live the Journey. Die prys kan opgeneem word tussen 1 Januarie 2011 en 30 November 2011 slegs volgens beskikbaarheid.

    <u>Tweede pryse in elke afdeling</u>:
    - 'n Echo 4 sleepwa ter waarde van nagenoeg R 110,000 geborg deur Echo 4x4. Geen yskas word ingesluit nie.
    - 'n Sewedag invliegpakket vanaf Namibië na Suid-Afrika of omgekeerd afhangende van waar die wenners woon. Dit sluit alle etes, akkommodasie, voertuighuur en brandstof in. Die waarde is nagenoeg R 51,300 en dit word aangebied deur Live the Journey. Die prys kan opgeneem word tussen 1 Januarie 2011 en 30 November 2011 slegs volgens beskikbaarheid.

    <u>Derde prys in elke afdeling</u>:
    - 'n Echo 3 sleepwa ter waarde van nagenoeg R 110,000 geborg deur Echo 4x4. Geen yskas word ingesluit nie.
    - 'n Vierdag invliegpakket vanaf Namibië na Suid-Afrika of omgekeerd afhangende van waar die wenners woon. Dit sluit alle etes, akkommodasie, voertuighuur en brandstof in. Die waarde is nagenoeg R 38,400 en dit word aangebied deur Live the Journey. Die prys kan opgeneem word tussen 1 Januarie 2011 en 30 November 2011 slegs volgens beskikbaarheid.

Vierde prys in elke afdeling:

- ’n National Tent and Sales koepeltent ter waarde van nagenoeg R 6,500.

Vyfde prys in elke afdeling:

- ’n National Tent and Sales koepeltent ter waarde van nagenoeg R 5,000.

20. Die wenners moet self die pryse wat deur Echo 4X4 geskenk word, insluitend die tente, by Corporate Park net buite Pretoria gaan afhaal. Geen Echo 4x4 pryse sal afgelewer word nie. Die pryse moet teen 31 Maart 2012 afgehaal word.

21. Live the Journey-wenners sal skriftelik in kennis gestel word van die besonderhede van die vakansiepryse.

22. Die na-produksie van video’s word volgens PCP se diskresie gedoen en die stemuitslag van die kompetisie is finaal. Daar sal geen briefwisseling daaroor gevoer word nie.

23. Deelnemers jonger as 18 jaar moet toestemming by hulle ouers of voog verkry voordat hulle kan inskryf.

24. M-Net behou homself die reg voor om geredigeerde insetsels van die videomateriaal op M-Net en op sy Afrikaanse kanaal kykNET uit te saai; asook die reg om hierdie materiaal eksklusief op enige wyse kommersieel te eksploiteer.

KOMPETISIEFASE

1. Gedurende die kompetisiefase kry kykers die geleentheid om vir hulle gunsteling video’s te stem deur die naam van ’n sleutelwoord na **33157** te SMS. Dié nommer is ook toeganklik vir Namibiërs.

2. ’n SMS kos R1.50.

3. Gratis SMS’e geld nie en foutiewe SMS’e sal ook verreken word.

4. Die wenners van die videopryse word bepaal deur die kykers se stemme.

5. Kykers wat per SMS stem kom weekliks in aanmerking vir pryse.

6. Kykerspryse:
    - Die nuwe produk uit die Echo 4x4 stal sal aangekondig word wanneer die kompetisiefase begin. Die prys moet self deur die wenner by Corporate Park net buite Pretoria afgehaal word.
    - Vakansiepryse verskaf deur Live the Journey sal aangekondig word wanneer die kompetisiefase begin.
    - Sniper flitse

7. Die wenners van die kykerspryse sal deur middel van ’n elektroniese prystrekking geïdentifiseer word en telefonies in kennis gestel word. Die wenners se name sal ook op Kwêla se webwerf gepubliseer word en

in die program aangekondig word.

8. Indien ons nie in staat is om die wenner na drie telefoonoproepe binne ’n 24 uur periode te kontak nie, of die wenner is nie in staat om die prys binne 6 maande op te eis nie sal die wenner die prys verbeur en behou ons die reg voor om ’n nuwe wenner te trek onder dieselfde voorwaardes.

9. ’n Onafhanklike ouditeursfirma sal die resultate van die stemproses oorsien.

10. Geen korrespondensie sal oor die uitslag gevoer word nie.

11. Deelnemers neem op eie risiko deel en Kwêla, kykNET en M-Net asook die ander derdeparty verskaffers aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies, beskadiging of skade wat direk of indirek met die deelname aan die kompetisie verband hou nie.

12. Indien wetgewing vereis dat die kompetisie gekanselleer word, is Kwêla, kykNET, M-Net en die ander derdeparty-verskaffers nie verantwoordelik vir die pryse of koste van SMS-inskrywings nie.

13. In gevolge die Wet op Verbruikersbeskerming moet alle wenners hulle persoonlike inligting aan ons verskaf om die pryse op te eis.

14. Wenners mag versoek word om hulle pryse op Kwêla in ontvangs te neem, maar hulle kan die versoek toestaan of afwys.

15. Werknemers van Kwêla, kykNET, M-Net en al die derdepartyverskaffers betrokke by hierdie promosie sal nie vir die pryse in aanmerking kom nie.

16. Die pryse is nie oordraagbaar nie en nie vir kontant omruilbaar nie.

17. Deur vir die kompetisie in te skryf, erken deelnemers dat hulle al die bepalings & voorwaardes aanvaar.

18. Vir navrae kontak Betsie Pretorius by 011-789-6780 gedurende kantoorure.

19. Die bepalings en voorwaardes word gepubliseer op Kwêla en kykNET se webwerwe. Vir meer inligting besoek www.kwela.co.za en www.kyknet.co.za